For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

September 2021



*André en Carolina Bruwer lees André se duiwe/lewens verhaal in die Augustus 2021 Sierduif*






Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| Genetics 101 - Charl Cillie | 3 |
| BRVK Spesiale toekennings - Christo Munnik | 4 |
| BRVK Kriteria puntebeker - Christo Munnik | 5 |
| Storie van my vriend - Christo Munnik | 6 |
| Norwich Kropper handleiding deel een Ds Renier Lee | 7 |
| Scoreboard and Rules | 12 |


## Birthdays

**W038 - Hansie Botes - 02-Oct**
**H011 - Edu le Roux - 02-Oct**
**J033 - William Boshoff - 11-Oct**
**S010 - Thunis Cocklin - 14-Oct**
**B091 - Karel-Jan Smeda - 15-Oct**
**G040 - Rudie Viviers - 16-Oct**
**J010 - Johan van Zijl - 19-Oct**
**K044 - John Rudman - 20-Oct**
**K056 - Petrus Arries - 20-Oct**
**K022 - Braam Rademeyer - 21-Oct**
**B098 - David Cloete - 23-Oct**
**C026 - Peet Botha - 24-Oct**
**J019 - Pieter Labuschagné - 24-Oct**
**H076 - Lukas Grundling - 25-Oct**
**B035 - Ruan de Bruin - 29-Oct**
**H078 - Lenard Groenewald - 31-Oct**





**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**


Februarie 2020


**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



## *Genetics 101*

***Charl Cillie***

Genetics 101
1. Base Colour
Ash red (Ba)
Blue (B+)
Brown (b)

There are only three colours in pigeons, Ash red, Blue, and Brown everything else is something that is added to or over the colour. A Recessive red pigeon can either be Ash red, Blue, or Brown with the recessive red gene painted over it. A Black pigeon is just a blue bird with the spread gene added. The three colours work like a stepladder, you can go down but not up. Meaning Ash red can produce Ash red, Blue, and Brown. Blue can only produce Blue, and Brown and Brown can only produce Brown.

**Base Colour**

| **Male** | **Female** | **Male chick** | **Female chick** |
|---|---|---|---|
| Ash red | Ash red | 100% Ash red | 100% Ash red |
| Ash red | Blue | 100% Ash red d. Blue | 100% Ash red |
| Ash red | Brown | 100% Ash red d. Brown | 100% Ash red |
| Blue | Ash red | 100% Ash red d. Blue | 100% Blue |
| Blue | Blue | 100% Blue | 100% Blue |
| Blue | Brown | 100% Blue d. Brown | 100% Blue |
| Brown | Ash red | 100% Ash red d. Brown | 100% Brown |
| Brown | Blue | 100% Blue d. Brown | 100% Brown |
| Brown | Brown | 100% Brown | 100% Brown |
| Ash red d. Blue | Ash red | 50% Ash red<br>50% Ash red d. Blue | 50% Ash red<br>50% Blue |
| Ash red d. Blue | Blue | 50% Ash red d. Blue<br>50% Blue | 50% Ash red<br>50% Blue |
| Ash red d. Blue | Brown | 50% Ash red d. Blue<br>50% Blue d. Brown | 50% Ash red<br>50% Blue |
| Ash red d. Brown | Ash red | 50% Ash red<br>50% Ash red d. Brown | 50% Ash red<br>50% Brown |
| Ash red d. Brown | Blue | 50% Ash red d. Blue<br>50% Blue d. Brown | 50% Ash red<br>50% Brown |
| Ash red d. Brown | Brown | 50% Ash red d. Brown<br>50% Brown | 50% Ash red<br>50% Brown |
| Blue d. Brown | Ash red | 50% Ash red d. Blue<br>50% Ash red d. Brown | 50% Blue<br>50% Brown |
| Blue d. Brown | Blue | 50% Blue<br>50% Blue d. Brown | 50% Blue<br>50% Brown |
| Blue d. Brown | Brown | 50% Blue d. Brown<br>50% Brown | 50% Blue<br>50% Brown |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



***Birmingham Roller Vertonersklub***

***Spesiale toekennings***

***Christo Munnik***

**Inleiding:**

Nadat daar tydens ‘n Birmingham Roller vergadering ‘n voorstel ter tafel gelê is om vir die Birmingham Roller telers ‘n Meesterteler toekenning te maak het die bestuur van die klub al die lede van die BRVK gevra om te probeer om ‘n kriteria daar te stel vir die toekenning van die gesogte prys. Die meeste lede het nie gereageer nie, maar Rodney Stevens, Christo Munnik, wyle Chris vd Berg en Raymond Hohls het wel ‘n poging aangewend waarvan die grootste poging sekerlik van Rodney Stevens af gekom het. Die lede van die Birmingham Roller Vertoners Klub het toe in 2004 tydens die Prestige skou vir die vier lede gevra om al die feite bymekaar te bring sodat die toekennings kan begin.

Enige toekenning op enige gebied hetsy sport, werk of stokperdjie moet in die eerste plek nie goedkoop wees nie. Dit beteken nie dat die toekenning buite bereik moet wees nie maar ‘n toekenning soos Meesterteler behoort buite bereik van ongeveer 99% van alle lede te wees. Alle lede moet op gelyke voet kan meeding en die speelveld moet gelyk wees maar ‘n vereiste van 100% moet daar gestel word en verkry word voor so ‘n toekenning gemaak kan word. Daar moet erkenning gegee word aan lede wat probeer om bo uit te kom en van die toekennings moet makliker bekombaar wees as ander.

Nadat al die feite bymekaar gegooi is het ons saamgestem dat die volgende toekennings gemaak behoort te word aan Birmingham Roller telers in volgorde van prioriteit naamlik:

**1. Lewenslange Toewydings Toekenning (Lifetime achievement award)**
**2. Meester teler (Master breeder)**
**3. Goue vlerke (Golden wings)**
**4. Silver vlerke (Silver wings)**
**5. Brons vlerke (Bronze wings)**

Die komitee het toe verder gaan sit en ‘n kriteria uitgewerk vir al die bogenoemde toekennings. Daar was ook eenparig besluit dat die kriteria elke vyf jaar hersien behoort te word sodat ons nie stagneer nie. Vennootskappe in die Suid-Afrikaans Sierduif Vereniging se punte tel apart vir elke lid van die vennootskap dus moet elke lid kry dieselfde punte vir een van die vennootskap se duiwe wat presteer.

**Kriteria**

**1. Lewenslange toewydings toekenning (Lifetime achievement award)**

Die bogenoemde toekenning se kriteria sal dieselfde lees as die Meesterteler toekenning met die volgende punte wat bykom:

a) Betrokkenheid by aktiewe vliegklubs. Die lid moes betrokke gewees het by die stigting van ten minste een vliegklub en/of so ‘n klub self gestig het.

b) Die lid moes vir ten minste vyf jaar aktief aan kompetisies deelgeneem het. Uitslae behoort voorgelê te word.

c) Die lid moes ook ten minste vir twee jaar op die bestuur van so ‘n klub gedien het.


d) Die lid moet in besit wees van die Meesterteler toekenning om op die toekenning aanspraak te maak.

**2. Meesterteler (Master breeder)**

a) Moet lid wees van die Suid-Afrikaans Sierduif Vereniging vir tien jaar en langer.

b) Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertoners Klub vir tien jaar en langer.

c) Moes lid gewees het van die dagbestuur van die Birmingham Roller Vertoners Klub (President,

**Gerhard van Aswegen**

**Teel met Norwich Cropper, Brunner,**
**Working Homer, Oriental Roller,**
**Holle Cropper, American Showracer,**
**Chinese Owl, en Stargard Shaker,**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**E-mail: gjtlofts7@gmail.com**
Januarie 2021





**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

Vise-President en Sekretaris) vir twee termyne en langer.
d) Moet Nasionale status as teler en/of beoordelaar hê in die ras.
e) Moes betrokke gewees het by die aanbied van ten minste drie Prestige skoue.
f) Moes ten minste twee Kampioen duiwe vertoon het op enige Prestige skou met eie geteelde duiwe. Indien die duif nie sy/haar geteelde duif is nie gaan die eer aan die teler van die betrokke duif.
g) Moet konkrete bewys kan lewer op aanvraag van sy/haar bydrae tot bevordering van die ras naamlik
(1) Die aanbied en/of bywoon van duiwedae.
(2) Verspreiding van literatuur aan lede.
(3) Verspreiding van goeie teelmateriaal onder die lede.
(4) Een honderd persent skoon rekord in die Suid-Afrikaans Sierduif Verenigingen Birmingham Roller Vertoners Klub.
h) Moet in besit wees van die Goue vlerke toekenning.

**3. Goue vlerke (Golden wings)**

a) Moet lid wees van die Suid-Afrikaans Sierduif Vereniging vir tien jaar en langer.
b) Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertoners Klub vir tien jaar en langer.
c) Moes al ten minste drie maal die Kampioen duif op 'n SA Kampioenskap skou met eie geteelde duif vertoon het.
d) Moet in besit wees van die Silwer vlerke toekenning.

**4. Silwer vlerke (Silver wings)**

a) Moet lid wees van die Suid-Afrikaans Sierduif Vereniging vir vyf jaar en langer.
b) Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertoners Klub vir vyf jaar en langer.
c) Moes ten minste al drie keer beste ou en/of beste jong duif tydens die SA Kampioenskap skou in die ras vertoon het.
d) Moes ten minste al ses keer enige streekskou die beste Birmingham Roller vertoon het.
e) Moet in besit wees van die Brons vlerke toekenning.

**5. Brons vlerke (Bronze wings)**

a) Moet lid wees van die Suid-Afrikaans Sierduif Vereniging vir twee jaar en langer.
b) Moet lid wees van die Birmingham Roller Vertoners Klub vir twee jaar en langer.
c) Moes ten minste een keer al beste ou en/of beste jong duif tydens die SA Kampioenskap skou in die ras vertoon het.
d) Moes ten minste al twee keer die beste duif op enige streekskou vertoon het of ten minste drie keer die beste ou en/of beste jong duif op enige streekskou vertoon het.

Daar moet gelet word dat die toekennings niks te doen het met die toekennings wat jaarliks tydens die SA Kampioenskap skou gedoen word nie.






Januarie 2021




***Birmingham Roller Vertoners Klub***

***Kriteria vir die toeken van die puntebeker***

***Christo Munnik***

**Inleiding**

Die Punte beker het sy ontstaan te danke aan Cora Munnik wat so om en by 1985 voorgestel het dat ons 'n punte beker daar moet stel vir lede van die Birmingham Roller Vertoners Klub wat hulle duiwe op die SA Kampioenskapskou, Prestige skoue sowel as al die Streekskoue ten toon stel. Die doel van die Punte beker was dan ook om lede van die Birmingham Roller Vertoners Klub aan te spoor om met hulle eie geteelde duiwe te skou en nie met duiwe wat aangekoop is nie.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Kriteria.**

1. Die stelsel loop vanaf die vorige jaar se SA Kampioenskapskou tot en met die laaste Streekskou vir die jaar en sluit die Prestigeskou in.
2. Punte word toegeken aan die eerste drie plekke in elke klas soos in die skouskedule voorkom en wel as volg:

**1ste plek:** 10 (tien) punte
**2de plek:** 6 (ses) punte
**3de plek:** 4 (vier) punte


3. Punte word ook toegeken aan die volgende wenners:

**Beste ou mannetjie:** 10 (tien) punte
**Beste ou wyfie:** 10 (tien) punte
**Beste jong mannetjie:** 10 (tien) punte
**Beste jong wyfie:** 10 (tien) punte

4. Punte word as volg toegeken vir die algehele wenners:

**Kampioen Birmingham Roller op skou:**
15 (vyftien) punte
**Res Kampioen Birmingham Roller op skou:**
10 (tien) punte

5. Sou die Kampioen of die Reserwe kampioen dan in die top sewe eindig sal die duif ‘n verdere 20 (twintig) punte verdien.
6. Daar moet egter nagegaan word of die duiwe wat wen wel deur die lid self geteel is. Indien die duif/we deur iemand anders geteel is wat ook lid is van die Birmingham Roller Vertoners Klub dan word die betrokke punte gelykop gedeel deur die teler en die vertoner. Sou die duiwe wat wen deur iemand geteel wees wat nie lid van die Birmingham Roller Vertoners Klub is nie sal die vertoner slegs die helfte van die punte verdien en die ander helfte word dan net weggegooi.



## *Storie van my vriend Jan Helberg*

***Christo Munnik***

Met my gefnuikde ondergrondse ontsnappingspoging is dit nou tyd vir plan B. As ek nie kan ondertoe nie dan moet ek boontoe.

Ek onthou van die steiers wat ek gekoop het vir takies waar mens sukkel om met ‘n leer by te kom. In plein Afrikaans is dit mos scaffolding. Ek gaan haal die steiers, kry ‘n mooi gelyk oop plekkie en begin bou. Nou kyk om dit alleen te bou neem nogal akrobatiese vaardighede en deursettingsvermoë.

Na ‘n bietjie vernuftige improvisasie en klim en klouter soos ‘n kleuter op ‘n reuse klimraam staan die gedoente 6 meter hoog. Dit is die maksimum wat my arsenaal kan bereik.

Die rooi steierplanke is heel bo en vorm ‘n skaflike platform. Van daar af kan ek ‘n valkoog oor die buurt hou. Ek sien selfs die N12. Groot trokke met proviand ry heen en weer. Ek wonder of ek dalk op ‘n manier ‘n noodsein kan uitstuur om een van hulle hierheen te lok sodat ek die koskas kan aanvul. Vars groente is mos deesdae die blikkie baked beans met die oudste vervaldatum.

Daar is ook nogal heelparty ouens wat noodsaaklike dienste verrig want heelparty ander voertuie ry ook saam met die trokke. Party het baie noodsaaklike dienste want hulle vleg op hulle motorfietse




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

tussen die vragmotors deur om vinniger by hulle bestemmings aan te kom.

Ai, hierdie is nou ‘n blink plan. Ek begin planne beraam om die gazebo hierbo staan te maak. Dan kan ek lekker hierbo op ‘n kampstoel sit en soos ‘n meerkat die omgewing en vryheid bespied. Liefie kom kyk wat werskaf ek hier buite. Liefie, jy moet sien hoe mooi lyk dit van hier bo af.

Nou ja, Liefie het ‘n erge vrees vir hoogtes maar haar nuuskierigheid is so ‘n aks hoër. Dis nou soos toe ons Mont-aux-Sources uitgeklim het. Daar was Liefie se nuuskierigheid meer as haar hoogtevrees en moes ek haar voetjie vir voetjie teen die kettinglere op en af help. Na die tyd het my kneukels gelyk soos Gerrie seer handjies Coetzee sin destyds na sy boksgeveg teen Kallie Knoetze.

Dis nou weer sulke tyd. Versigtig help ek Liefie om die steier uit te klim sodat sy ook die uitsig kan geniet. Bo gekom het Liefie so om haar gekyk en toe beveel sy my dadelik: “Af! Af!” Gedienstig help ek haar weer om voetjie vir voetjie af te klim. Onder geland is ek nogal trots dat sy so heldhaftig daar op- en afgeklim het maar dit was van korte duur. “Breek af die ding” beveel sy.

Nou ja, daai stemtoon ken ek al goed en weet ek, ek beter luister anders gaan daar groot moeilikheid wees. Gedienstig begin ek maar die steierwerk aftakel. Ek weet nie wat Liefie nou so kwel dat ek my pragstuk onverwyld moet aftakel nie. Ek wonder of dit dalkies iets te doen het met buurvrou wat langs hulle swembad sonbaai in haar polkadot bikini.




**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**
Julie 2019




***NORWICH KROPPER***

***Handleiding en kort geskiedenis by die teling en beoordeling van Norwich Kroppers:***

***Ds. Renier Lee 2020/21***

**Voorwoord**

Eerstens wil ek noem dat dit vir my ‘n heerlike ondervinding was om hierdie skrywe die lig te laat sien. Ek het dit ontsettend geniet en baie mooi oomblikke weer beleef. Tweedens was daar ook tye van groot hartseer wanneer ek oor telers moes skryf wat lankal nie meer saam ons is nie. Daar is baie van hulle wat diep paaie in my lewe getrap het. Derdens het ek besef hoe bevoorreg ek is om my bietjie kennis nog met U te kon deel. Soos die Psalm digter kan ek ook sê my beker van danksegging loop oor. Dit bring my by ‘n belangrike punt. Hopelik is daar van ons telers wat gereeld op my poging sal voortbou en die geskiedenis van ons geliefde ras, die Norwich Kropper, op datum sal hou. Hou dus alle inligting op datum want sou u later wil uitbrei en byvoeg by my beskeie poging sal u nie so sukkel soos ek, om inligting op te soek en na te gaan nie.

Dit is ook vir my belangrik om my Skepper te bedank vir dit wat Hy aan my toevertrou het. Ek hoop nie ek het Hom teleurgestel nie. Verder wil ek my vrou Merle, bedank, wat baie keer wanneer ek met dringende kerkwerk besig was, my duiwe versorg het. Dit het sy ook getrou gedoen tydens die

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

ses jaar van my predikant studies. Ons was reeds getroud toe ek begin studeer het as predikant. In my eerste studie jaar is Phillip gebore en in my vierde studiejaar was dit Ellouise se beurt om haar opwagting te maak. Baie keer was dit onder moeilike omstandighede veral wanneer sy swanger was.

My dank ook aan my kinders veral Phillip, my seun wat toe hy groter geword het, sy ma moes help met die versorging van die duiwe. Al my kinders het by duiweskoue groot geword en is dit vandag wonderlik, dat ondanks moeilike omstandighede Phillip steeds met Mookees teel wat hy reeds op agtjarige ouderdom gekies het as sy geliefde ras. Dit is ook net deel van my geaardheid dat ek vir al my duiwevriende dankie wil sê vir hul vriendskap en lojaliteit veral toe ek vir baie jare op verskillende komitees gedien het. Sekerlik kon ek nooit almal tevrede stel nie maar wees verseker dat dit vir my altyd gegaan het oor God se skepping en hoe ons as mens daarmee omgegaan het. In die Sierduifwêreld het ek wonderlike mense ontmoet wat ek nooit sal vergeet nie. Ek hoop u geniet hierdie halfuur se lees en waar daar taalfoute is vergewe maar.

**Hoofstuk 1**

Die Norwich Kropper is verseker die wonderlikste Sierduif om mee te teel. Egter ook een van die moeilikste duiwe om suksesvol te teel. Die Norwich Kropper wat in die omgewing van Norfolk in “de Oude Stad”, Norwich in Engeland geteel is en nie soos enkele beweer van Noorweë afkomstig is nie. Hierdie duif met sy kenmerkende groot krop trek oral aandag waar hy vertoon word. In die oorspronklike standaard lees ons dat die Norwich Kropper reeds in 1881 deur Eaton genoem word. Ons weet ook dat die eerste kropperklub moontlik voor 1893 bestaan het. Matthew M. Friends beweer in sy boek, met die titel “Pigeons”, dat die oorsprong was van “Protestant Flemish refugees in 1550”. Alec Blair, wêreld bekende teler van Norwich Kroppers, wat ook in SA beoordeel het in 1975, meen dat die ontstaan van die Kropper terug dateer na die “settlement in East Anglia of Dutch weavers”. Heinrich Mackrott in syboek, “RasseTauben”, noem ook dat die Kropper oorspronklik uit Nederland kom.

Baie boeke vertel die geskiedenis en ontstaan van die Norwich Kropper. Die skrywer C.A.M. Spruijt noem in sy boek oor “Cropper Breeds” in 1929 dat W.A. Tegetmeijeren later John Moore in 1735 die oorsprong van die Norwich Kropper toegeskryf het aan die “Oploper”. Die Oploper was ‘n duif met ‘n krop waarvan die mannetjies veral op hul tone gedans het wanneer hulle agter die wyfies gepronk het. In Nederland word die Norwich Kropper ingedeel onder Buitelandse Rasse terwyl hulle die Norwich Kropper egter beskou as ‘n Nederlandse duif wat net in Norwich verder ontwikkel is. Volgens hulle dui die naam reeds daarop want in England word van alle Blaasduiwe gepraat as Pouters en in Nederland word Blaasduiwe geklassifiseer onder Kroppers.

Almal is dit egter eens dat die verdere ontwikkeling plaasgevind het rondom die dorp Norwich en vandaar die naam Norwich Kropper. Min telers is egter bewus dat die Kropper moontlik van die voorouers van die hedendaagse vliegduif was en dat daar selfs wedvlugte was waar die Kroppers deelgeneem en ook gewen het. In England is daar reeds in die vorige eeu ‘n Norwich Kropperklub gestig en met sy honderde inskrywings by elke skou het die Kropper bygedra dat die “All England Norwich Club” een van die populêre rasse geword het. In Nederland word die eerste Nederlandse Norwich Kropperklub deur Ph. M. Kok Jr. in Gravenhage op 21 Januarie 1940 gestig.

In Suid Afrika is die eerste Norwich Kropper standaard reeds in Mei 1941 gepubliseer saam met die Dragoon standaard. Dit was volgens wyle oom Alex Ravenscroft die oorspronklike standaard. Enigste standaard wat op daardie stadium gebruik was, was die Waaierstert standaard. Ek weet nie of die Modena standaard toe ook in gebruik was nie. Die Waaierstertklub was reeds sterk en het as basis gedien met die stigting van die Suid-Afrikaanse Sierduif Vereniging (SASV) in 1943. Volgens wyle oom Alex Ravenscroft was die Waaierstert die “Queen” van die sierduiwe en die Norwich Kropper die “King” van die sierduiwe. In 1974 beskryf die voorsitter van die Waaierstertklub, wyle mnr H.S. van de Linde, ook die Waaierstert as Koningin van die Sierduiwe. In 1975 skryf J.H. Labuscagné dat hy dink hy moet die Carrier die koning van die Sierduiwe noem en in die Gedenkuitgawe van 1992 skryf Pierre le Roux dat die King die koning van die sierduiwe is, maar dit was toe reeds deur die Kroppertelers gebruik. Reeds in 1951, met sy terugkeer na Sierduiwe, praat wyle oom Alex Ravenscroft van die Norwich Kropper as die Koning van die Sierduiwe.

Tydens my suksesvolle toetsing as Norwich Kropper beoordelaar in 1970 wens die twee toetsbeamptes, Sarel Viljoen en Hannes Homan, my geluk as nuwe beoordelaar van die Koning van die Sierduiwe. In Duitsland word die Norwich Kropper

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

meer as 100 jaar beskou as die koning van die Sierduiwe. In die Sierduif van 1974 noem die voorsitter van die Modena klub, wyle Ken Garrod, die Modena as die modepop van die sierduiwe, terwyl wyle Steward Patterson praat van die Strikduiwe (Frill) as die prinses van die sierduiwe. In sy Reeks Radio praatjies, Februarie 1975, beskryf wyle A. Reyneke die Kropduiwe as die pronkers van die Sierduif wêreld. Wat ons duiwe ook al genoem word is net weer 'n bewys dat die sierduiwe nog altyd 'n spesiale plek in die hart van Sierduiftelers gehad het.

Hoekom wend ek 'n poging aan om die geskiedenis van die Norwich Kropperklub, en van telers wat met Norwich Kroppers geteel het, op skrif te stel. Daar is 'n paar redes. Eerstens omdat telers my gevra het tydens die duiwedag aan huis van Rob Lombaard in 2019. Die geskiedenis is iewers opgeteken maar of dit nog beskikbaar is bly 'n probleem en baie waardevolle inligting raak verlore, inligting wat baie belangrik is vir toekomstige geslagte. Daar is reeds teveel inligting wat oor die jare verlore geraak het. Tweedens om weer 'n eenvormige standaard van beoordeling, soos deur ons voorgangers jare reeds bepleit en beoefen is, aan ons jonger telers bekend te stel. Daar word teveel teen duiwe gediskrimineer oor minderwaardige foute en negatiewe beoordeling.

Ek is vir baie jare reeds op rekord dat ek 'n kampvegter is vir positiewe beoordeling. My eerlike mening is dat telers nie die standaard ken nie of nie met die ras geteel het nie, wat hulle skuldig maak aan negatiewe beoordeling. Dit geld vir alle rasse. Reeds in 1992 noem L.J. Fourie dat beoordeling moet plaasvind soos wat Ds. Lee beoordeel. Dit word verder gevoer in 1999 deur Loti Geyer waar hy hoë lof uitspreek vir die beoordeling van Ds. Lee en in 2016 skrywe Ruben Kitching dat Ds. Lee 'n kursus moet aanbied in positiwe beoordeling "want hy verstaan en implimenteer dit die beste van almal". Meer oor beoordeling later. Derdens is dit belangrik vir elke teler om betrokke te wees by alle aspekte van die Norwich Kropper sodat ons steeds kan praat van die Koning van die Sierduiwe. Vierdens om die ras te bevorder en weer 'n trots aan te wakker onder telers om met Norwich Kroppers te teel.

Elke ras het in die verlede gegroei wanneer daar 'n Spesklub was met 'n positiewe gesindheid onder daardie telers. Die klub moet ook gelei word deur 'n dinamiese komitee. Dit is en bly steeds 'n groot voorreg om 'n suksesvolle teler van hierdie fantastiese ras te wees, al is hulle min.

Dit sou egter lank duur voordat die Norwich Kroppertelers besluit het om 'n Norwich Kropperklub te stig. Tydens 1977 het Ds Renier Lee op 'n duiwedag wat gehou was vir Norwich Kroppers aan huis van wyle Hannes Raath op Potshefstroom, voorgestel dat 'n Norwich Kropperklub gestig moet word. Die telers teenwoordig het eenparig besluit om die aansoek te rig tot die Uitvoerende Komitee van die SASV, gedurende hul vergadering in Worcester in 1978. Renier Lee was afgevaardig, op voorstel van wyle oom Alex Ravenscroft, om die aansoek te hanteer maar toe die datum van die vergadering bekend word, was dit in botsing met sy eksamen. Vroeg 1978 is daar weer by 'n duiwedag by wyle Hannes Raath besluit om wyle Manie Fourie en wyle Hannes Raath af te vaardig om die nodige toestemming vir 'n Kropperklub te kry by die Algemene Jaarvergadering, van die SASV. Wyle Manie Fourie het toe die aansoek om 'n Norwich Kropperklub te stig hanteer en die nodige toestemming is verleen.

By die SA Kampioenskapskou in 1979 het die Norwich Kroppertelers amptelik tot die stigting van die klub oorgegaan en is die eerste bestuur gekies. Wyle oom Manie Fourie was gekies as die eerste voorsitter en Renier Lee as die eerste sekretaris. Paar jaar later is dieselfde twee persone in dieselfde posisies verkies tydens die eerste nuwe Beoordelaars Komitee wat vandag nog steeds op hierdie basis bestaan. Die besluit, oor 'n nuwe


## Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Beoordelaars Komitee, was geneem deur die Uitvoerende Komitee, na ‘n aanbeveling deur Ds Renier Lee. Hy was die vorige jaar deur die Uitvoerende Komitee getaak om die hele struktuur van die SASV te ondersoek en voorleggings te doen.

Klubs wat reeds bestaan het, volgens my geheue, was die Waaierstertklub (seker die oudste klub), die Transvaalse Carrier en Dragoonklub wat 1978 ontbind het, en later ‘n Sponsduifklub geword het, Modenaklub gestig 1961, Tuimelaarklub 1973 en moontlik ook die Swaarrasklub. Blykbaar was daar in die veertigerjare reeds ‘n Pouterklub saam die Waaierstertklub en was daar vanaf die eerste dag ‘n wedywering tussen die twee klubs. Een van die besluite wat tydens ‘n vorige duiwedag geneem was, is weer bekragtig naamlik dat alle besluite wat die telers reeds geneem het op vorige duiwedae, rondom beoordeling, deur die sekretaris in die Sierduif geplaas moet word.

Aan die standaard van die Norwich Kropper is daar nooit verander tydens hierdie duiwedae nie. Ons telers was trots op ons standaard veral omdat dit die oorspronklike standaard was wat reeds baie oud was. Slegs die intrepretasie is duidelik gemaak sodat alle telers en beoordelaars op hoogte was en die beoordeling konsekwent en eenvormig kon geskied. Die besluit wat hier bekragtig is, was reeds deur Ds Renier Lee in die Sierduif geplaas. Dit het meegebring dat daar ‘n eenvormigheid onder telers en beoordelaars bestaan het en baie ongelukkigheid tydens skoue is so voorkom. Duiwedae was die kern van die Norwich Kropperklub se jaarlikse beplanning en het baie bygedra tot die geweldige vordering van die standaard van ons Kroppers.

Oorsese telers soos Roger Guillemot van Frankryk, ene Rabczynski, Dee Akwright van Amerika, wat by ons geslaap het, Tom Pritchett (Aug 1981), Mike Knaggs (Sept 82), asook Alec Blair het ons Norwich Kroppers beskou as van die beste in die wereld. Wyle Kobus Snyman, ‘n Modena teler skryf in September 1981 dat die Kropperklub die voortou geneem het van ALLE Spesialiteitsklubs insluitende die Modenaklub al was hulle minder lede. Duiwedae was gehou by wyle Hannes Raath, wyle Manie Fourie, wyle Neels le Roux, wyle Sarel Viljoen, wyle Warren Klopper, Renier Lee, wyle Koos Piek, wyle Karel Reyneke, Lou Brits en later ook by wyle Dries van der Walt. Al hierdie dae was baie goed bygewoon deur telers van oral en die getal Norwich Kroppers wat tydens die duiwedae vertoon was, was meer as die getal Norwich Kroppers by die laaste aantal Kampioenskapskoue.
Ook die verteenwoordiging van verskillende kleure was baie meer as die wat tydens die laaste tien kampioenskapskoue vertoon was. Intussen het die Norwich Kropperklub deel van die Blaasduifklub geword. Reeds in 1980 het telers van ander Blaasduiwe gevra om saam die Norwich Kropperklub, ‘n Blaasduifklub te stig. Die versoek was weer gerig in 1981 en in beide gevalle het die telers van ander Blaasduiwe nie regtig na die tafel toe gekom nie.  Ek word baie keer gevra of die Norwich Kropperklub baatgevind het met die stigting van ‘n Blaasduifklub en my antwoord is NEE. Ek het selfs ’n skrywe gerig aan die Uitvoerende Komitee en dit baie duidelik gestel dat die Kropper telers gaan onttrek en weer met die Norwich Kropperklub sal voortgaan. Die fondse wat die Kropperklub gehad het is saam met Blaasduifklub fondse gebruik om Blaasduiwe veral die Brunners te bevorder en ek is bewus van slegs een geleentheid waar die Norwich Kropper voordeel getrek het en dit was tydens ‘n duiwedag by wyle Dries van der Walt.

Tydens ‘n Algemene Jaarvergadering van die Blaasduifklub waar ek die saak aangeroer het en ook klem gelê het op die feit dat die Norwich Kroppertelers nie eers seggenskap in die keuse van ‘n beoordelaar gehad het nie, het al die telers teenwoordig saamgestem dat die probleem rondom die Blaasduifklub dringend aandag moet kry. Intussen het die ongelooflike plaasgevind naamlik dat die Brunner telers steeds hul eie bestuur gekies het en dus eintlik ‘n klub binne ‘n klub geword het. Hulle wou wel deel van die Blaasduifklub bly maar outonoom hulle eie besluite neem sonder inmenging


**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**



**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2020



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

van die ander telers op die Blaasduifklub. Dit is ongehoord en telers soos Jan Labuschagne, Dirk Scholtz en ander het tydens die vergadering gevoel dat ons die Blaasduifklub nog een kans moet gee. Ek het ingestem met hul voorstel, veral omdat 'n nuwe komitee gekies sou word wat meer verteenwoordigend van al die blaasduiwe sou wees. Jan Labuschagne is toe verkies as voorsitter met Dirk Scholtz as sekretaris en At van Jaarsveld as tesourier. Die drie verkose lede woon ook naby mekaar wat kommunikasie sou verbeter.

Twee opdragte is tydens die eerste vergadering aan die nuwe bestuur gegee. Eerstens moet hul ondersoek instel na die Finansies en met die volgende vergadering verslag lewer. Tydens die vergadering was geen Finansiële verslag ter insae nie. Ook moes hulle duiwedae reël en sorg dra dat beoordelaars wat deur die telers verkies word tydens die SA's in aksie sal wees. Wel sal die Norwich Kroppertelers een of ander stadium 'n besluit moet neem of hul weer wil voortgaan as 'n Norwich Kropperklub. Groot werk lê voor as ons weer tot vorige hoogtes wil styg. Getalle van telers en duiwe het die laaste klompie jare gedaal tot nadeel van die ras. Groot twyfel bestaan vandag oor ons status in die wêreld as die land met die beste Kroppers. Die kere wat ek oorsese Kroppertelers besoek het, het ek die indruk gekry dat ons swart Kroppers en moontlik ons bruin Kroppers nog die toekennig van beste in die wêreld kan kry maar in al die ander kleure is ons vêr agter en lê daar vir ons baie werk voor. Tydens 'n Algemene Jaarvergadering van die Blaasduifklub het Ds Renier Lee toestemming gevra om 'n Norwich Kropperdag aan te bied.

Die eerste beplande duiwedag, 8 Februarie 2018, moes egter uitgestel word weens die afsterwe van 'n bekende lid van die SASV en sy begrafnis op dieselfde dag. Op 9 Februarie 2019 het die duiwedag wel plaasgevind aan huis van Rob Lombaard. Die duiwedag was goed bygewoon deur 18 telers naamlik Ds Renier Lee wat die bespreking gelei het, Rob Lombaard by wie se huis die duiwedag aangebied was, sowel as die volgende telers. (Volgens amptelike foto) Pieter Lourens, Tommy Laubscher, Pieter Duvenhage, Johnny Muller, Cyril Jasper, Jan Labuschagné, Ds Renier Lee, Matt Willemse, Gert Venter, At van Jaarsveld, Chris de Bruin, Awie Esterhuizen, Gerhard van Aswegen, Phillip Lee, Awie Small, Peet Botha, Rob Lombaard en Cullem Lee by oupa Ds Renier Lee.

Ds Renier Lee het die bespreking gelei en klem gelê op positiwe beoordeling en die telers daarop gewys dat konsekwente beoordeling absoluut noodsaaklik is, waar duiwe nie deur sommige beoordelaars, uit 'n loopring gehaal moet word weens onkunde en minderwaardige foute nie. Almal teenwoordig was dit eens dat dit 'n geslaagde dag was en dat ons dit gereeld moet hou. Die fasiliteite by Rob en hul gasvryheid, het baie by gedra tot die sukses van die dag. Ongelukkig het die covid virus alle skoue en duiwedae vir 2020 gekelder. Hopelik word 'n Blaasduifdag vir 2021 'n werklikheid nadat Ds Renier Lee, weer die saak op die Blaasduif selgroep aangeroer het.

Bylaag 1; Onder die opskrif "Bylaag" haal ek beskikbare artikels uit ou Kropper Nuusbriewe aan vir volledigheid. Die volgende is 'n getuigskrif van die positiewe gesindheid en samehorigheid wat daar onder telers van die Norwich Kropperklub geheers het.

Die Voorsitter Mnr. D.H. Fourie; "Graag wil ek as voorsitter van die Norwich Kropperklub alle lede 'n gelukkige Kampioenskapskou toewens en wil ek die hoop uitspreek dat elkeen hierdie skou in die regte gees sal benader. Kom ons wens al die wenners van harte geluk. Kom ons stel ook 'n voorbeeld aan al die ander telers wat regte sportmanskap is. Laat die negatiewe kritiek en die agteraf pratery nie deel word van ons klub nie. Vir die jaar wat voorlê wil ek aan al ons telers 'n voorspoedige teel seisoen toewens. Mag U nie net 'n paar kampioene teel nie maar mag U ook vir die Norwich Kropperklub nog 'n lid werf sodat ons nie net wat die standaard van ons duif betref nie maar ook wat die getalle betref van krag tot krag kan gaan".

Beoordelaar Warren Klopper: "Vir die tweede agtereen volgende jaar is dit vir my 'n voorreg om die Norwich Kroppers te beoordeel. 'n Voorreg omdat ek weet dat die standaard van hierdie duiwe ontsettend hoog is. 'n Voorreg omdat ek weet dat die telers van hierdie duiwe, mense is wat ware liefhebbers van die Norwich Kropper is. 'n Voorreg omdat ek weet daar nie kleinlikhede in die klub is nie. 'n Voorreg omdat ek weet dat die sportmangees en die liefde vir die Norwich Kropper die botoon voer. Daarom het ek myself dadelik bereid verklaar om as beoordelaar op te tree toe ek verlede jaar, tydens die vorige Kampioenskapskou in die Kaap, genader is. Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om alle telers 'n aangename Kampioenskapskou toe te wens en mag die Beste Duif wen".

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Beoordelaar Hannes Raath: "Dit is vir my 'n groot eer en voorreg om as beoordelaar op te tree by so 'n groot en belangrike skou. Baie dankie vir die vertroue wat julle in my het en ek glo dat ek julle nie gaan teleurstel nie. Ek het reeds 15 jaar van Kropper teel agter die rug. En het reeds verskeie keer by skoue asook by Landbouskoue as beoordelaar opgetree. Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om alle telers 'n aangename Kampioenskapskou toe te wens en mag die Beste Duif wen".

## Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

### Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R250 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

### Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1334 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 1132 |
| 2. | Western Transvaal: | 696 |
| 3. | SW Districts: | 631 |
| 4. | Northern Cape: | 500 |
| 5. | KwaZulu-Natal: | 450 |
| 6. | Eastern Province: | 200 |
| 7. | Eastern Region: | 150 |
| 8. | Freestate | 0 |
| 9. | Western Cape: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

**1.**

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873